# DIE SKIETLOOD

161ste Uitgawe 24 Mei 2019 saam met Koersvas 161

**Soos per versoek plaas ons die volgende preek. Dit sluit aan by die tema soos aangespreek in Artikel 36. Volgende uitgawe sal weer aandag skenk aan NGB Artikel 37.**

**HET GELOWIGES 'N REG TOT OPSTAND TEEN 'N GODLOSE REGERING?**

Het gelowiges 'n reg tot opstand teen 'n Godlose regering?

Romeine 13:1-7 (Nuwe direkte vertaling – 2014)

[1]Elke mens moet onderdanig wees aan die gesaghebbers wat oor hom gestel is, want daar is geen gesag wat nié van God afkomstig is nie; en dié wat daar wél is, is deur God ingestel. [2]Wie dié gesag teenstaan, verset hulle dus teen die instelling van God, en diegene wat hulle verset, sal 'n oordeel oor hulleself bring (1983-vertaling: *"...sal hulle verdiende straf ontvang"*). [3]Die owerhede boesem immers nie vrees in as dit kom by goeie optrede nie, maar wél by verkeerde optrede. Wil jy sonder vrees vir die owerheid leef? Doen dan wat goed is, en jy sal lof van die owerheid ontvang. [4]Want die owerheid is 'n dienskneg van God tot jou beswil. Maar as jy doen wat sleg is, moet jy bang wees. Die owerheid dra nie verniet die swaard nie. Hy is immers 'n dienskneg van God, aangestel om die kwaaddoeners te straf. [5]Dit is dus noodsaaklik om onderdanig te wees, nie net uit vrees vir straf nie, maar ook ter wille van jou gewete. [6]Daarom betaal julle ook belastings; want hulle is diensknegte van God wat hulle juis hiermee bemoei. [7]Betaal aan almal wat hulle toekom: Belasting aan wie belasting (toekom), tolgeld aan wie tolgeld (toekom), ontsag aan wie ontsag (toekom), eer aan wie eer toekom.

Teksvers: Romeine 13:1 - Elke mens moet onderdanig wees aan die gesaghebbers wat oor hom gestel is, want daar is geen gesag wat nié van God afkomstig is nie; en dié wat daar wél is, is deur God ingestel.

Liewe Broeders, Susters en Kinders in ons Here, Jesus Christus,

DIE KRISIS OP HANDE

Die sigbare agteruitgang in die land, het al by baie van ons die vraag laat ontstaan of daar nie 'n beter manier as verkiesings is, om van 'n nuttelose regering ontslae te raak nie. Aan die een kant het jy barbaarse straatboewe, wat sonder vrees vir vervolging - met 'n regering wat dikwels anderpad kyk - daagliks vroue verkrag, boere aanval en doodmaak, doodluiters mense op straat en in hulle huise beroof en vermoor ... en aan die ander kant 'n regering wat oënskynlik só besig is om die belastingbetalers se geld te mors, dat hulle gladnie daarby uitkom om die burgers te beskerm en die land behoorlik te bestuur nie. Dan sit jy ook nog met 'n kieserskorps wat die valse beloftes van hierdie nuttelose politici glo en hulle aan bewind hou. Mag 'n gelowige wens, of selfs bid, dat hierdie regering tot 'n val sal kom, en mense wat gewapende opstand oorweeg, aanpraat om dit te doen?

KERKE SE ANTWOORDE IN DIE VERLEDE

As jy hierdie vraag voor- en na die skole-opstand van 1976 - 43 jaar gelede - as iemand wat ontevrede was met die regering van daardie tyd, destyds aan jou

kerkleiers sou vra, sou hulle vir jou gesê het dat vreedsame protes geen resultate sal oplewer nie, en jou van God se seën verseker indien jy geweldadig en met wapen-geweld teen die regering in opstand wil kom. Die vernaamste geestelike leiers, bv dr Allan Boesak en biskop Desmond Tutu, en sekere teologiese professore, het selfs Jesus se woorde in Lukas 9:24 vir jou gegee om terrorisme teen die regering mee te regverdig, en mense aangespoor om hulle lewens vir die goeie saak van politieke mags-vergrype en gierigheid op te offer: *"...elkeen wat sy lewe om Mý ontwil verloor, sal dit behou."*

Hierdie geestelike leiers sou nooit direk aan die gewapende opstande deelneem nie, maar hulle sou terroriste in hulle huise versteek, voorloop in protes-optogte teen die regering, en terroriste-groepe deurgaans verseker van die kerk se morele- en finansiële ondersteuning en gebede. Hulle sou hulle selfs aanhits tot erge bloedvergieting van onskuldige mense.

Omdat hierdie opstande en bloedvergieting teen 'n spesifieke ras gemik was, besef 'n mens dat die opsweping teen daardie ras destyds só intens was, dat dit vandag nog soos 'n brullende leeu oor die hele land weergalm. Die wortel wat destyds voor hulle neuse gehou is, is dat God die belofte in Deuteronomium 6:10-11 aan húlle sou gemaak het:

*"Die Here jou God sal vir jou groot en mooi stede gee wat jy nie gebou het nie, huise vol voorrade waarvoor jy nie gewerk het nie, putte wat jy nie uitgekap het nie, wingerde en olyfboorde wat jy nie geplant het nie, en jy sal kos in oorvloed hê."*

Maar kerkgangers is nooit deur hierdie aanhangers van die Bevrydingsteologie opgeroep tot 'n heilige lewe waarin hulle verantwoordelik voor God moet lewe nie, en dit verklaar die algemene gesindheid van gulsigheid en gierigheid wat tot vandag nog hoogty vier.

Het dit nie dalk tyd geword dat die geestelike- en politieke leiers van daardie tyd, wat vandag nog lewe, vir die mense wat hulle só opgesteek het, sal inlig dat hulle reeds in 1994 gekry het wat hulle wou gehad het nie? Maar ook dat die politieke mag wat verkry is, gruwelik misbruik is, en ál die beloofde rykdom reeds geplunder is nie?

Om as gelowiges die optrede van 'n regering te kan beoordeel, moet ons eers uitvind wat God van 'n regering verwag

Romeine 13, wat ons saamgelees het, en ander gedeeltes in die Bybel, soos Johannes 19:11 en 1 Petrus 2:14, lê die volgende riglyne neer:

1. Álle gesag kom van die Here af: D.w.s. enige posisie waarin iemand in beheer is van 'n ander se lewe en dit kan beïnvloed, staan onder die gesag van God. Dit geld vir die huis, by die skool, by die werk, in besighede, in die politiek, én in die kerk.
2. Dit behels dan dat al die wette en optrede van 'n regering, altyd in lyn met die Bybel sal wees.
3. Paulus sê dan dat, indien die regering hulle wette volgens God se eise maak en afdwing, en jy kies dán om dit nie te gehoorsaam nie, moet jy maar die gevolge daarvan dra: In hierdie lewe én in die ewige lewe. Neem kennis dat dit in hierdie vers nie gaan oor alle vorme van ongehoorsaamheid aan die regering nie, maar spesifiek oor ongehoorsaamheid aan wette en besluite wat juis 100% in lyn is met God se Wil in die Bybel.

3. Wanneer Paulus sê dat 'n regering die plig het om die kwaaddoeners te straf, en dat God 'n swaard in die hande van die owerheid geplaas het, beteken dit dat God van 'n regering verwag om kwaadoeners te straf, sonder aansiens des persoons. Daarom gee die Here aan 'n God-gehoorsame regering die mag en plig tot doodstraf, waar en wanneer dit nodig en geregverdig is om wet en orde – Gód se Wet en Orde – te handhaaf. Dit verwys ook na die regering se taak om die wraak van mense wie se geliefdes deur barbare en moordenaars vermoor is, te ondervang, sodat dié mense nie die reg in eie hande sal neem en dalk onskuldige mense tereg sal stel nie. Die howe en regstelsel moet dus 'n instrument wees van God, wat God se wette nougeset toepas, sonder om enige iemand te bevoordeel of te benadeel.

4. Wanneer Paulus sê dat jy jou belasting moet betaal, probeer hy nie daardeur 'n onherroeplike, misterieuse Hemelwet of Godgegewe reg neerlê waarop enige- en elke regerings-amptenaar aanspraak kan maak nie, maar eenvoudig dat politici, net soos enige ander werknemer, geregtig is op 'n salaris vir die werk wat hulle doen, én vir die verantwoordelikhede wat hulle namens God op aarde moet opneem en uitvoer.

<u>VERLEEN DIE BYBEL AAN 'N OWERHEID ONBEPERKTE, ABSOLUTE MAG</u>?

Anders as wat sg. teoloë wil beweer, ken die Bybel nie aan regerings 'n onbeperkte, absolute mag oor hulle landsburgers toe nie, en ook nie dat God jou sal straf indien jy jou verset teen hulle wette en optrede nie. Dit is ook nie elke inwoner van die land se plig om hom / haar blindelings en kritiekloos te onderwerp aan 'n land se regering, asof dit God sélf is wat agter elke optrede, wet en uitspraak sit wat deur hulle gemaak word nie. By implikasie gee hulle dan aan politici hoër gesag as aan die Bybel. Inteendeel, 'n land se regering staan aanspreeklik teenoor diegene wat hulle verkies het, wat ook nét so enige oomblik weer van hulle ontslae kan raak.

Die Bybel stel dit baie duidelik dat daar grense aan alle vorme van gesag is, nl dat dit in lyn sal wees met God se Woord. Net soos die gesag en respek wat die 5e Gebod aan ouers toeken, beperk is - en jy nie van jou kind kan verwag om vir jou te luister as jy van hulle verwag om dinge te doen wat nié God se goedkeuring wegdra nie - nét so geld dit vir enige ander gesag, insluitend dié van 'n regering. Gelowige landsburgers is respek en gehoorsaamheid aan die owerheid verskuldig in-sovêrre hulle aan die Drie-enige God gehoorsaam is.

Die Bybel sê dat elke politikus en staats-amptenaar, met hulle verkiesing en aanstelling, in 'n stilswyende kontrak met God tree, nl. dat hulle in hulle ampstermyn Sý wil sal laat geskied - ongeag die heersende geloof in daardie land óf die geloofs-oortuiging van die politikus. Indien die kontrak nie nagekom word nie, verbeur regerings die regte en voorregte wat met hulle gesagsposisies gepaard gaan.

Wanneer die Here God Sy oordeel oor die Israeliete in <u>Jesaja 5:7, hoofstuk 9 en 10</u> aankondig, het Hy dit teen die feit dat hy van die land se leiers verwag het dat hulle reg sal geskied, maar dat onreg geseëvier het. Húlle was ook die oorsaak daarvan dat die volk hulle nie bekeer het toe Hy hulle gestraf het nie, en daarom sal hy die leiers en ál die koning se gunstelinge, en

ál die profete wat leuens verkondig het, vernietig. Want almal van hulle word gedryf deur gierigheid en gulsigheid. Dit sluit ook die wetgewers in wat wette gemaak het wat lynreg bots met Sý Wil, en ook die regters wat hulle posisies misbruik het om onskuldige mense te vervolg en korrupte mense te laat wegkom.

Wat verwag God dan van 'n land se owerheid?

God verwag van 'n land se regering:

1. Om die land goed te bestuur, sodat dit met elke burger goed sal gaan. In hierdie verband lees ons die wyse woorde in Spreuke 29:4 - *"'n Koning wat reg laat geskied, maak 'n land veilig; een wat net aanhou belastings oplê, ruïneer 'n land."*

2. Om die veiligheid van elke liewe burger te beskerm - teen plaaslike misdadigers, en teen buitelandse kriminele en -invallers - en om kwaaddoeners behoorlik te straf. Rabbi Chanina, wat in die tydperk tussen die Ou- en Nuwe Testament geleef het, sê hieroor:

*"Bid vir die welvaart van die owerheid, want as mense die owerheid nie gevrees het nie, het hulle mekaar lewendig verslind."*

3. God verwag ook geregtigheid: In die wetgewing wat deur die parlement aanvaar word, in die toepassing daarvan deur die polisie, en in die handhawing daarvan deur die howe.

4. Om geweld en moord namens families, vriende en die gemeenskap te wreek.

5. Om God se koninkryk op aarde te laat kom, en Sý Wil te laat geskied.

6. Om die landsburgers te beskerm om nie tot sonde verlei te word nie, en ook deur hulle wetgewing en hulle eie voorbeeld, mense aan te moedig tot gehoorsaamheid aan God.

En as die regering goddelose mense is?

Wie-of-wat 'n regering is, en watter mag en gesag hulle hulleself ookal mag toe-eien: Géén gesagdraer kan hom losmaak van God se oppergesag en hulle aanspreeklikheid teenoor Hom nie. Elke gesagdraer sal eendag verantwoording voor God moet gaan doen oor wat hulle met die gesag gemaak het wat God aan hulle toevertrou het.

Watter vorme van protes laat die Bybel gelowiges toe?

Miskien moet 'n mens dit reg formuleer: Die gelowige het nie net 'n reg om teen 'n Godlose, korrupte owerheid te protesteer nie, maar ook 'n roeping, 'n opdrag en 'n plig.

Ek kon, gegrond op die Bybelse riglyne, 8 maniere kry waarop gelowiges teen 'n goddelose regering moet protesteer:

Dit begin by gelowige landsburgers wat die onreg, korrupsie en ongehoorsaamheid in die land en in die regering kan raaksien.

1. Die eerste vorm van protes-optrede, is dat jy tot God sal bid dat dit reggestel sal word. 1 Timoteus 2:1–2 - *Ek dring daarop aan dat daar…gebid moet word…vir dié wat regeer... sodat ons 'n rustige en stil lewe kan lei...*

Jy bid dan dat die regering God sal erken as die Een op wie se gesag hulle optree, en dat hulle volgens Sy Wil sal regeer.

Jy bid dat God se Koningryk in hierdie land sal kom, en dat Sý Wil sal geskied.

2. Oefen druk op die regering uit oor hulle ongehoorsaamheid aan God, deur met hulle daaroor te gaan praat.

3. Spreek die regbank aan indien hulle die Goddelike reg verdaai, of teen sekere mense diskrimineer.

4. Gelowiges kan dit ook deur middel van burgerlike organisasies doen deur by

hulle aan te sluit om namens hulle druk om ‘n regering uit te oefen om reg en geregtigheid te laat geskied, en wet en orde in ‘n land te herstel.

5. Kerke het ook ‘n profetiese taak teenoor die owerheid, om hulle te help en aan te moedig om die land volgens God se Wil te regeer. Ook om hulle aan te spreek as hulle dit nié doen nie, en hulle teen God se oordeel as individue te waarsku wanneer hulle elkeen eendag voor Sy regterstoel verantwoording sal moet gaan doen. Die kerke het ‘n roeping om ‘n goeie gewete vir die regering te wees. Maar hulle moet telkens namens God met die regering praat, vanuit die Bybel.

6. Daar is ook ‘n protes wat bekend staan as lydelike verset. Dit gebeur wanneer die regering wette maak wat strydig met die Bybel is, en dan van jou verwag om daaraan gehoorsaam te wees. Gelowiges behoort te weier om aan sulke wette gehoorsaam te wees, en bereid te wees om die gevolge, of straf, of lyding wat met die ongehoorsaamheid gepaard gaan, te dra. Die hele Bybel is vol van sulke voorbeelde.

Vir ‘n begin, is groot gedeeltes van die land se Grondwet in stryd met die Bybel en kan dit nóóit die hoogste gesag vir ‘n vir ‘n gelowige wees nie.

Gelowiges weier ook om die Eerste Gebod te oortree deur te erken dat alle godsdienste gelyk is.

Dieselfde om die Sewende Gebod te oortree deur dieselfde geslag verbintenisse te aanvaar.

Ook om in opstand te kom wanneer die regering die Agtste Gebod oortree wanneer hulle eiendom wat wettiglik gekoop is, wil steel.

Die Bybel stel dit baie eenvoudig en verstaandaar in Handelinge 5:29 – *“’n Mens moet eerder aan God gehoorsaam wees as aan mense.”*

Jesus het dieselfde in Matteus 10:28 en Lukas 12:4+5 gesê: *“Moenie bang wees vir dié wat die liggaam doodmaak en daarna niks verder kan doen nie. Ek sal vir julle sê vir wie julle bang moet wees: Vir Hom wat mag het om, ná die dood, in die Hel te laat beland.”* Dit vra van gelowiges ‘n sterk geloof, en ‘n omvattende kennis van God se Woord.

7. Gelowiges het ‘n geleentheid om tydens verkiesings, by die stembus, van ‘n God-ongehoorsame, korrupte regering ontslae te raak.

8. Dan die groot vraag: Mag ons wapens opneem?

Ons lees in Rigters 19 hoe wetteloosheid in die stad uitgebreek het en die straatboewe letterlik beheer oorgeneem het en alle ordentlike mense in vrees vir hulle lewens begin lewe het. Hulle is beroof, verkrag en vermoor. In een geval wou die straatboewe ‘n ou man wat by ‘n kerkman slaapplek vir die nag gekry het, met alle mag gryp om hom te sodomiseer. Uiteindelik het hulle die kerkman se byvrou in die hande gekry en haar onophoudelik verkrag tot sy dood is. Die volgende dag het die kerkman die lyk van sy byvrou in 12 dele opgesny en deur die land aan sy volksgenote gestuur met die boodskap: *“Ons moet ‘n plan begin maak. Ons moet praat!”* (vers 30).

Die beginsel hier-agter, is dat geen mens vrede moet maak om ‘n magtelose, oop-en-bloot, ongewapende, versteende teiken vir misdadigers te word nie. Daarom is dit reg dat buurtwag- en plaaswag-netwerke in die lewe geroep word, waar die regering misluk om die

lewens en besittings van sy burgers te beskerm. Weereens, in samewerking met dié segment van die veiligheidsmagte wat daartoe verbind is om misdaad in die land uit te roei.

Elke goeie mens het 'n reg om in veiligheid te lewe, en 'n regering word gekies en betaal om dit te doen. Wanneer dit nie gebeur nie, en mense se lewens deur anargie bedreig word – dit is oproer en onluste, wetteloosheid, plundering en misdadigheid – het individue en groepe die reg om hulle eie lewens en die lewens van hulle mense teen hierdie barbare te beskerm. Selfs tot die dood toe. Maar dit is sovêr die aanwend van wapens deur die Bybel toegelaat word. Dit lê nie op die weg van gelowiges om 'n gewapende opstand teen 'n slegte regering uit te voer nie, want 'n gelowige se vaderland en eind-bestemming is nie hierdie aardse lewe nie.

<u>DIE EINTLIKE WAPENS WAARMEE GELOWIGES HIERDIE HEILIGE OORLOG VOER</u>

Paulus sonder in <u>Efesiërs 6:12</u> juis die owerhede van sy tyd uit as van God se vernaamste teenstaanders, dit sluit in:

Die politieke leiers op nasionale, provinsiale en munisipale vlak

Die mense wat onder God se opdrag staan, maar nie Sy Wil verkondig nie.

Verwysende na geestelike leiers, en gelowiges in wêreldse gesagsposisies wat nêrens en nooit vir God opkom en Sý Wil laat geskied nie.

En dan noem hy vanaf <u>vers 14</u> die wapens op wat gelowiges in hulle geveg teen hierdie korrupte politici en hulle handlangers moet gebruik, sodat gelowiges in die geloof staande kan bly:

Die belt waarmee jy jou klere teen jou lyf moet vasbind om te keer dat jy dit nie vastrap en oor jou voete val nie, is die <u>waarheid</u> in sy volle omvang: Van die waarheid wat jy onder alle omstandighede self moet praat, tot jou heilige, rein manier van lewe, en bó alles: Die waarheid omtrent die evangelie van Jesus Christus.

Die koëelvaste baadjie wat jy moet aantrek om jou hart te beskerm, is <u>geregtigheid</u>, nl. om reg en verkeerd te laat bepaal deur wat God se Wil is, en dit in die howe as maatstaf te gebruik om mense se optrede mee te beoordeel en te straf. Ook dat dit gedoen sal word <u>sónder</u> om 'n persoon se ras, geslag, rykdom, status, familie- en vrienskaps-bande en politieke-verbintenisse hoegenaamd in ag te neem.

Dat die geveg-stewels wat jy aantrek om op jou voete te kan bly, gegrond sal wees in die standvastigheid en <u>innerlike vrede</u> wat spruit uit die goeie boodskap dat Jesus Christus vrede bewerkstellig het tussen jou en God.

Die gepanserde skerm waaragter jy na die vyand toe loop, jou <u>geloof</u>, vertroue, toewyding en lojaliteit aan God sal wees.

Dat jy weet dat jy deur Jesus Christus gered is, moet die gevegs-hoed wees wat jou kop sal beskerm.

Die dodelike wapen wat jy gaan gebruik om jou vyand mee te verslaan, jou <u>kennis van die Woord van God</u> sal wees, jou kennis van die Bybel. Dít is wat die Heilige Gees nodig het om reg en verkeerd mee uit te wys.

Dan volg die opdrag dat gelowiges deurlopend tot God sal bid vir <u>persoonlike bystand</u> en uitkoms in die stryd, sodat die bose uiteindelik oorwin sal word. Terselfdertyd ook dat jy jou <u>geestelike leiers</u> in gebed aan God sal opdra: Dat hulle nie sal terugdeins vir die

dreigemente en beledigings nie, en God se waarheid altyd suiwer en sonder skroom aan almal sal verkondig.

VREEMDELINGE EN BYWONERS

Die onderskrif wat die Bybel deurgaans oor ons gesindheid teenoor alle aardse stel, kry ons onder andere in Hebreërs 11:13 - *Terwyl hulle steeds geglo het, het al hierdie mense gesterwe sonder om te verkry wat beloof is, maar hulle het dit uit die verte gesien en daaroor gejuig, en hulle het erken dat hulle hier op aarde slegs vreemdelinge en bywoners is.*

Die bemoedigende belofte wat die Here Jesus Christus vir opregte gelowiges in Matteus 28:20 gee, is *dat ons sal onthou dat Hy by ons is, ál die dae, tot die voleinding van die wêreld.*

Dan antwoord ons met Psalm 19:15 – *"Mag wat ek sê en wat ek dink, tog vir U aanneemlik wees, Here, my Rots en my Verlosser."*

AMEN

Ds Gawie Womarans

Hervormde Gemeente, Potchefstroom-Die Wilge

(Geloofsbond)

082 8533 053